Wapadrant E-NUUS

UIT HOM, DEUR HOM, TOT HOM

Matteus 6:10 Laat u koninkryk kom.

www.wapadrant.co.za www.facebook.com/Wapadrant

21 Julie 2022

PREEKROOSTER JULIE & AUGUSTUS 2022

Datum	Tipe idioom	Tyd	Prediker
24 Julie	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Peet Vermeulen
31 Julie **Nagmaal** **Bring eie brood/wyn of maak gebruik van wat voorsien word**	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Rassie Smit
07 Augustus **Doop**	Kontemporêr	**08:30**	Peet Vermeulen
14 Augustus	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Rassie Smit
21 Augustus	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Petrus Grové
28 Augustus **Nagmaal** **Bring eie brood/wyn of maak gebruik van wat voorsien word**	Kontemporêr Klassiek	**08:30** **10:00**	Peet Vermeulen

08:30 Erediens

"Facebook"
https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos/?ref=page_internal

"YouTube" https://www.youtube.com/channel/UCb3hrnMcAH83-6mloVeZC2g

NEEM KENNIS ASSEBLIEF

- **Seniorbediening** verkoop elke Sondag roomys – ondersteun hul asb.
- **Bybelstudie vir senior lidmate** vind Dinsdae om 09:00 in die konsistorie plaas. Afgesluit vir die winter, begin weer Dinsdag 2 Augustus.
- **Jeugkleingroepe (Gr 1 – 12) en kleuterkerk (3-6 jariges)** vind gedurende skoolkwartale plaas om 09:30 in hul onderskeie klasse. **Kwartaal 3 hervat 24 Julie 2022.**
  Aanbieders en helpers word benodig by kleuterkerk. Kontak asb vir Errol by jeug@gkwapadrant.co.za

LIEF EN LEED

Ons doen voorbidding vir:

- Wikus Roos wat Dinsdag 'n operasie in die Urologiese hospitaal ondergaan het.
- Herman de Jonge wat in die Zuid Afrikaanse hospitaal opgeneem is vir 'n pasaangeër.
- Francois Viljoen wat in Unitas opgeneem is na 'n hartaanval.
- Die volgende lidmate was die afgelope tyd gehospitaliseer:
  - Barry Truter

    - Mark Daniël
    - Hillegonda de Groot
- Drie lidmate wat die afgelope tyd oorlede is:
    - Ben Buys (104 jaar) op 2 Julie. Ons innige simpatie gaan aan sy familie.
    - Sakkie van der Walt (77 jaar) op 7 Julie. Ons innige simpatie gaan aan Lena (sy eggenote) en kinders Pieter van der Walt, Cobus van der Walt, Corli Millard en Jaco van der Walt saam met hul gesinne.
    - Herman Steyn (93 jaar) op 20 Julie. Ons innige simpatie gaan aan Ruth (sy eggenote) en hul seun Martin Wolter-Grosman.
- Almal wie se gesondheid nie na wense is nie.

Baie geluk aan die volgende:
- Pieter Venter en Mariette Smit wat op 8 Julie in die huwelik getree het.
- Philip Meintjies en Judy Esterhuizen wat Saterdag in die huwelik tree.

MANNE BYBELSTUDIE
MAANDAGAANDE 19:00 – 20:00 BY KERK

BELYDENISAANSOEKE

Jongmense wat op **16 Oktober 2022** belydenis van hul geloof wil aflê, kan 'n skriftelike aansoek stuur na admin@gkwapadrant.co.za. Jou skrywe/epos moet op die laatste teen **22 Julie** gestuur/ingehandig word.

Belydenisgesprekke (saam met ouers) vind op 28 Julie plaas.

Belydenistoewyding vind Sondae van 17:30 – 18:30 plaas. Dit begin reeds op 31 Julie en strek tot 25 September.

DRINGENDE VERSOEK
KOMBIBESTUURDERS VIR SONDAE & SUNRISE NASKOOL

Ons benodig vrywilligers om Sondagoggende (met die kerk se kombi) lidmate van Paul Jungnickel tehuis te gaan haal en dan weer terug te neem. Hoe meer bestuurders

daar is, hoe minder beurte kry elkeen. Kontak Ilda by 012 991 5623 / admin@gkwapadrant.co.za indien jy hiermee behulpsaam kan wees.
SunRise Naskool benodig steeds persone om tussen 12:00 en 14:00 'n tydjie te kan afstaan om die kinders by Garsfontein Laerskool te gaan oplaai. Die kerk se kombi word vir dié doel gebruik. Kontak Helena by 012 991 1395 / kantoor@gkwapadrant.co.za om jou naam deur te gee.

DAMESOGGEND 20 AUGUSTUS 2022

Gesamentlike Uitreikaksie van Pretoria-Gemeentes ten bate van President Kruger Kinderhuise (organiseerders Geref. Kerk Kameeldrift).
Venue: St Mary's DSG Skoolsaal,Duxburyweg, Brooklyn
Tyd: 8h30 vir 9h00
Gasspreker: Dr Gustav Gous (Teoloog & Lewensafrigter)
Gaskunstenaars: Danie Niehaus & Germandt Geldenhuys
Koste: R200 per persoon
Onthou om jou naam (as gasvrou of net as 'n gas) na die kerkkantoor deur te gee. (012 991 1395 / kantoor@gkwapadrant.co.za).

AANSOEK OM TOELATING TOT TEOLOGIESE STUDIES 2023

Persone wat predikante in die GKSA wil word, moet met die goedkeuring van die kerkraad vóór einde Julie 2022 aansoek doen om toegelaat te word tot die predikantsopleiding. Aansoekvorms kan by die waarnemende registrateur van die Teologiese Skool aangevra word by lieze.coetzer@nwu.ac.za

EL-PIDA PRETORIA-OOS DIENSSENTRUM

Augustus en September 2022 se nuusbrief asook aansoekvorm vir lidmaatskap is beskikbaar by http://www.wapadrant.co.za/neem-kennis.html

DANKOFFERS EN LIEFDEGAWES

Maak gerus van onderstaande metodes gebruik om jou dankoffer/liefdegawes/spesiale inbetalings oor te betaal:

Bankbesonderhede vir elektroniese inbetalings of deposito's by bank:
Gereformeerde Kerk Wapadrant
ABSA tjek 3490151957, takkode 632005.

Verwysing:
Vir Dankoffer: **Naam en Van**
Spesiale inbetalings: **Bv. Liefdegawe**
Snapscan: Verwysing soos bo genoem
Debietordervorm beskikbaar by
http://www.wapadrant.co.za/finansiele-sake.html

Snap here to pay
SnapScan

SOP-PROJEK

JEUGUITDAGING BY SOP-PROJEK

Pappa, mamma, ouma en oupa,
hoor wat het ons jeug te sê oor die sop-projek.
Help hul asseblief om deel te neem,
lees die advertensie wat hul Sondag
tydens hul byeenkomste gaan ontvang!

UITREIK NA FICKSBURG

STADBOUER OPLEIDING

GEREF KERK DERDEPOORT

Die gemeente bied op 26 Augustus 2022 'n fondsinsamelinge golfdag aan te Pebble Rock Gholfbaan, naby Roodeplaatdam. Geniet saam die gemeente 'n heerlike gholfdag met uitstekende pryse. Formaat: Vierbal alliansie, twee om te tel "scramble" dryf. Inskrywingsfooi R1 800 per vierbal, 2 gholfkarretjies ingesluit. Inskrywings sluit 5 Augustus. Kontak Jackie by 082 374 3330 of Johan by 071 624 7777 vir volledige inligting.

HANGERS VIR SUN-RISE WINKEL

Hangers kan ook in saal gelaat word